*Scriptura 48 (1994), 25-46*

# WETENSKAPSTEORETIESE VRAE IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE EN DIAKONIOLOGIE.

Gerhard van Wyk
Departement Praktiese Teologie
Universiteit van Suid-Afrika

## ABSTRACT

*The questions raised in this article are related to theories of science in practical theology and diaconiology. These two approaches to practical theology are compared by way of questions concerning their view of reality and truth, the subject matter of these disciplines, collaboration with other sciences, and methodological problems.*

*The conclusion is reached that diaconiology - with, inter alia, its normative-deductive scriptural based procedure and its related exegetical method and confessional restrictions - does not progress beyond a one-sided dogmatic approach. The question therefore arises: does diaconiology represent any epistemological contribution to practical theology?*

## 1. Inleiding

Dit klink amper na 'n cliché om te sê dat die gedagte oor wat wetenskap is omvattend en omstrede is. Miskien is dit waar soos wat Visser (1985:25) beweer dat dié woord so oormatig gebruik word en so omvattend is, dat die presiese semantiese betekenis van die begrip 'wetenskap' onbeduidend geword het. Buitendien word daar na gelang van die ideologiese agtergrond wat die begrip wetenskap telkens dra en selfs na gelang van die vakterrein, 'n ander beskrywing van wetenskap gegee. Hier wil ek by Firet (1975:25) aansluit en daarop wys dat die vraag of teologie 'n wetenskap is, bepaal word hoe mens wetenskap definieer.

Daarom is dit vir my voor die hand liggend dat in die teologie en meer bepaald binne die gereformeerde teologiese wêreld waaroor dit vir my hier gaan op verskillende wyses met die begrip wetenskap omgegaan word. In hierdie artikel wil ek daarop wys hoe twee amper opmekaar lykende benaderings tot die 'praktiese teologie', naamlik praktiese teologie en

diakoniologie deur verskillende wetenskapsteoretiese uitgangspunte gedra word.

Vir die doel van die artikel gaan ek op die ideologies-kritiese gehalte van die uitgangspunte klem lê en daarom ook teologiese uitgangspunte uit die sogenaamde sub-dissiplines soos sistematiese teologie of dogmatiek, die Ou en Nuwe Testamentiese wetenskappe hiervoor ter sprake bring. Die teologiese voertuig van een sub-dissipline mag ietwat van 'n ander verskil, maar die wetenskapsteoretiese aannames is in baie opsigte dieselfde. Daarom sal 'n behoudend-gereformeerde dogmatiek met 'n behoudende tekswetenskaplike en 'n diakoniologiese benadering meer ideologies in gemeen hê as wat hulle van mekaar verskil.

In 'n behoudend-gereformeerde dogmatiese benadering soos die van Heyns (1977:127) word die eiesoortige karakter van wat die refleksiewe besinning genoem word, geaksentueer. Dit wil sê dat as mens geloof en denke en gevoel onderskei, word in die behoudende benadering geloof oorwaardeer en aan denke en gevoel minder waarde toegeken. Op die voetspoor hiervan beweer Jonker (1976:34 & 41) dat 'n klaarblyklik meervoudige te benaderde teks soos die Skrif in volle sin daarvan alleen verstaanbaar vir die geloof is.

Hierteenoor sou die progressief gereformeerde benadering of geloofsteorie van van Niekerk (1980) gestel kan word waarin die Bybelteks(te) wat interpretasie betref, wetenskapteoreties oewerloos is. Geloof, denke, en onder andere gevoel is menslike ervaringsvelde wat elk perspektiewes op die Bybelteks(te) kan rig. Vir Heyns en Jonker aan die een kant en van Niekerk aan die ander kant word die mega vrae oor die hoe, die wat en die plek van die teologie of geloofsteorie filosofies uitgespook.

In hierdie artikel sal daar gepoog word om aan die hand van 'n aantal wetenskapsteoretiese of filosofiese vrae die gesprek tussen 'n prakties-teologiese benadering en die diakoniologiese benadering op gang te bring. Anders gesê, ek probeer tegelyk 'n gesprek stimuleer tussen die behoudende en progressiewe benaderings van die gereformeerde wêreld.

## 2. Werklikheids en waarheidsbegrip.

'n Werklikheids- en waarheidsbegrip word deur 'n prakties-teologiese en 'n diakoniologiese benadering verskillend hanteer. Dit dui op verskillende metodologiese of ideologiese benaderinge en het bepaalde implikasies vir die prakties-teologiese teorievorming in die algemeen.

### 2.1 'n Perspektief op die werklikheid of objektiewe waarheid?

Deist (1982:10) is van mening dat kennis altyd perspektivisties en dus relasioneel van aard is. 'n Teologiese uitspraak kan dus vir hom slegs waar of onwaar wees binne 'n bepaalde konteks. Ter wille van 'n kenteoretiese insig wat die wetenskaplike kenproses rig, sluit hy by Mannheim aan en wys

daarop dat alle kennis sosiaal gekleurd en dus daarmee ideologies is. Kennis is dus altyd relasioneel van aard. Hy vervang dus 'n postulaatagtige wetenskapsbeskouing deur 'n argumentatiewe benadering. Waarheid bestaan uit 'n hipotetiese relasie tussen verskillende elemente van die werklikheid. So 'n wetenskapsbeskouing besef die beperktheid van sy insigte en maak nie 'n beroep op tydlose waarheid ten opsigte van sy uitsprake nie. Binne die ideologie-kritiese kader moet daar 'n verantwoording en analise van teks en konteks plaasvind (vgl Deist 1982:11).

Teenoor hierdie 'idee-filosofiese' standpunt kan die naïewe realisme geplaas word: die werklikheid en nie die idee nie, is primêr. Die werklikheid bestaan onafhanklik, afgesien van my waarneming of my perspektief op dinge. Deur middel van my sintuie kan ek die objekte of die elemente van die werklikheid waarneem. My verstand projekteer nie maar net die idee van 'n bepaalde voorwerp op die objek wat ek waarneem nie. Daar bestaan objektiewe feite. Die waarnemingsproses bestaan uit 'n aantal komponente, soos onder andere dat die meeste mense onder 'n spesifieke begrip dieselfde ding verstaan; die vorming van 'n oordeel en die komponent van onmiddellikheid (vgl Vorster 1988:25).

Van Huyssteen (1986:151-214) tipeer sy eie standpunt as 'n 'krities'-realistiese benadering. Die ontwerp van 'n teorie vir die teologie is 'n vorm van taalanalise en dan veral omdat die teologiese spreke oor God vir hom wesenlik 'n taalprobleem is. In die proses van teologiese teorie-ontwikkeling wil hy die kognitiwiteit en verwysende aard van analogiese taalgebruik as vorm van indirekte taalgebruik, ontsluit. Dit pas dan ook in by sy beskouing oor die relasionele aard van geloofstaal. Teoloë kan vanuit veral die Skrif, en vanuit die perspektief van 'n bepaalde grondverbintenis uitsprake maak oor 'n 'realiteit' buite hulself (Van Huyssteen 1986:153-160).

Alhoewel Van Huyssteen dus naïewe realisme (en hiermee 'n fundamentalistiese standpunt afwys) werk hy tog volgens Swanepoel (vgl Swanepoel & Botha 1986:217) in die rigting van 'n realisme, maar dan 'n kritiese realisme. Deur dié realistiese beskouing poog hy ook steeds om te soek na die herwin van 'n bepaalde 'objektiwiteit' in die teologie (Swanepoel & Botha 1986:213).

Wanneer diakonioloë soos De Klerk en Jonker se standpunte met die voorafgaande beskouinge vergelyk word, is hulle nader aan die naïewe realisme as aan die kritiese realisme van Van Huyssteen. In die lig hiervan kan hulle absolutisties-geneigde standpunte met die beklemtoning van 'objektiewe waarhede' en korrektheid van leer, waargeneem word (Jonker 1981-82:50). Jonker se probleem met die Nederlandse Rapport, *God met ons*, gaan oor die aard van die klem wat daar op die menslike faktor gelê word, en die gevolglike aksentuering van die relatiewe karakter van die waarheid. Die Bybel bevat vir hom '...an objective expression of the truth', of ten minste: '...the Bible in itself is something objective.'

Die Bybel is 'n eenvoudige boek wat gewone mense kan verstaan (vgl Jonker 1981-82:49-50). Die implikasies hiervan vir die praktiese teologie (diakoniologie!) is dan ook duidelik: Jonker (1966-67:40) ag dit nie van wesenlike belang dat die moderne mens eers geken, beskryf en gepeil hoef te word alvorens die boodskap van die evangelie aan hom gebring kan word nie (vgl Spangenberg 1993:126).

Venter (1992:44) se soeke na 'n rasionele model vir die diakoniologie bevat 'n openheid vir situasie-analise, maar 'n besondere Skrifbeskouing rig en beheers steeds die werklikheid. Hiermee is nog nie volledig kennis geneem van die implikasies van die Quantumteorie nie: dit is onmoontlik om die werklikheid waar te neem sonder om dit te verander. Kennis van iets bied nie kennis van die intrinsieke aard van daardie 'iets' nie (Van Arkel 1988:226). Met die vashou aan, onder andere, die naïewe realisme vertrek die diakoniologiese benadering steeds vanuit die Newtoniaanse wetenskapsbeskouing. Hulle Skrifbeskouing word dan ook hierdeur in so 'n mate gefikseer dat 'n wesenlike verskuiwing na 'n nuwe wetenskapsbeskouing onmoontlik is.

## 2.2 'n Metafisiese werklikheids- en waarheidsbegrip?

Veenhof (vgl Jooste 1986:27-30) maak melding van twee teenoorstaande standpunte ten opsigte van die waarheidsbegrip. Enersyds gaan dit hier om die Aristoteliaanse waarheidsbegrip waar waarheid apriories vasstaan en as tydlose waarhede in onfeilbare dogmas geformuleer is.

'n Teenoorgestelde standpunt wil dit dat waarheid telkens opnuut in ander konteks en situasie vasgestel moet word. Die Bybel is geen *depositum veritatus* nie, maar die neerslag vanuit 'n vroeëre situasie.

Veenhof (1978:194-195;209-210) neem nou standpunt in tussen die twee uiterste beskouinge deur te wys op 'n filosofiese en 'Bybelse' benadering. Hy wys die Griekse waarheidsbegrip wat werk met 'n korrespondsieteorie af, en lewer vanuit 'n 'Bybelse waarheidsbegrip' kritiek op die twee teenoorgestelde standpunte.

Van Huyssteen (1981:16) staan weer 'n relasionele waarheidsbegrip voor. In hierdie midde-ortodokse posisie buig hy enersyds in die rigting van die behoudend-gereformeerde standpunt deur daarop te wys dat waarheid nie deur die mens gestig kan word nie. Daarenteen wil hy dit hê dat ons die openbaring slegs het in terme van wat mense daarvan sê. Wat mense onder 'Bybels' verstaan kan verander. Geertsema (1981:55) wys daarop dat met so 'n relasionele waarheidsbegrip kan daar nie aan ontkom word om die indruk te wek dat:

> '...de zingeving de bijdrage is van het subject, hoezeer deze zingeving ook betrokken blijft op het 'objectieve feit'.

Die diakonioloë (Jonker en De Klerk) neem 'n meer neo-ortodokse standpunt in. Jonker staan krities teenoor die ortodokse waarheidsbegrip. Teologie is

hier kerklike wetenskap wat ...neerkom op 'n dialektiese reproduksie van formeel-jurisdiksioneel gereëlde 'ortodoksie' (vgl Naudé & Jonker) 1988:237-238).

Waarheid is geopenbaarde waarheid, en hierdie waarheid gaan nie om die hipotetiese taal van die wetenskap nie. Die waarheid aangaande die kerk is dan ook geloofswaarheid. Dit moet deur Gods Woord aan ons geleer word (Jonker ongedateerd: Aandag vir die kerk: 5-6).

Alhoewel De Klerk (Ongedateerd: Inleiding in die diakoniologie: 4-5) aan waarheid 'n organiese eenheid toeken, gaan dit nie om die waarheid van die daaglikse ervaring en van die ander wetenskaplike bevindinge nie. Ook vir Jonker (1972:143) is teologie en byvoorbeeld filosofie, nie met dieselfde waarheid besig nie. Daarom wys hy selfs 'n relasionele waarheidsbeskouing af (vgl Jonker 1981-82: 49-50). Nog sterker is sy afwys van 'n beskouing wat waarheid weer in elke konteks en tyd opnuut wil formuleer met die aksent op menslike handelinge sonder die beklemtoning van 'n 'objektiewe' gegewene (vgl Naudé & Jonker 1988:239). Teenoor die bevrydingsteoloë stel Jonker (Naudé & Jonker 1988:239) dit dat die teologie nie *scientia caritatis* is nie maar *scientia fidei*. Die beginsel van truth is act word verwerp omdat daar geen plek vir 'n selfstandige noëtiese moment in die verhouding met God is nie.

Ook soos by die ortodoksie word handelinge by Jonker gerelativeer tot 'afleiding' van waarheid, maar beslis nie konstitutief vir die waarheid nie (Naudé & Jonker 1988:237). Jonker (1977:63) wys dus met beslistheid die moontlikheid af dat die waarheidsvraag 'subjektief' deur die mens uitgemaak kan word. Ook Venter (1992:45) beweeg weinig verder. Hy ken aan die ondersoek van menslike ervaring 'n ruimte toe op die vlak van situasie-analise maar nie op die vlak van verdere dialoog met sy Skrifbeskouing nie.

Ten opsigte van hierdie dualisme wil Deist (1982:8-9) dit hê dat die vraag van Lessing alleen beantwoord kan word indien jy die dualisme wat ten grondslag hiervan lê, afwys. Die probleem waaroor dit hier gaan, is dat vir Lessing die waarheid bowe-histories gegee is terwyl die Bybel 'n historiese geskrif is. Hy wil dus alle waarheid sien as histories bepaal en 'n bowe-historiese waarheid as nie haalbaar afwys. Dit is derhalwe vir hom sinloos om te werk met begrippe soos 'bowe-histories', 'universeel' of 'ewig' as daar oor waarheid gepraat word.

Dekker (1975: 123-126) wil dit hê dat die werklikheid waaroor die teologie en ander wetenskappe spreek, dieselfde werklikheid is. Die teologie wil egter anders, vanuit eie uitgangspunte, daaroor spreek. Indien dit aanvaar word, kan daar dan gestel word dat ook die empiriese navorsing met die essensiële van die kerk en godsdiens besig is. 'n Gesprek tussen die ander wetenskappe en die teologie word dan werklik moontlik.

In die diakoniologie word daar dus gewerk met 'n waarheids- en werklikheidsbeskouing wat bo die menslike werklikheid uitstyg sonder dat dit

daardeur wesenlik gekleur is. Daarom kan Jonker (1975:103) se aanklag teen Berkhof, naamlik dat hy nie meer met 'n outoritêre waarheidsbegrip werk nie, maar subjektief en eksistensieel daarmee omgaan, 'n aanduiding wees dat Jonker in terme van 'n absolute waarheidsbeskouing werk. Teologiese teorieë mag nogtans vanuit so 'n standpunt vir kontrole oopgestel word, maar die mate van toetsing word uiters gering. Indien daar saam met Dekker en Meuleman aanvaar kan word dat die waarheid waarom dit in teologie gaan nie los staan van dié van die ander wetenskappe en ervaringe nie, maar dat dit gaan om een en dieselfde waarheid en werklikheid, dan kan aan die ervaringswerklikheid 'n bepaalde ruimte toegeken word (vgl Jooste 1986:32).

Praktiese teologie, as handelingswetenskap, wil binne dié ruimte en vanuit eie vraagstellinge 'n bepaalde perspektief bied op die grotere waarheid en werklikheid waarmee teologie hom, onder andere, besig hou. By Pieterse (1981:146-147) ontvang teologie hierdie nuwe dimensie: nie net die kennis van God is teologie nie, maar ook die kenne.

## 3. Probleme rondom die objek van die vak

Die objek van die praktiese teologie of diakoniologie is nie slegs belangrik rakende die vraag na wat teologie is nie, maar ook ten opsigte van metodologiese vraagstellinge.

Soos reeds aangedui, vrees Jonker (1981:21) dat die praktiese teologie slegs 'n aanhangsel van teologie sal word omdat dit geen eie teologiese objek het wat wetenskaplik bestudeer kan word nie. Praktiese teologie met sy belangstelling in die praxis word bloot 'n tegniek en geen wetenskaplike dissipline nie.

Daarom word die openbaring van God, die kennis van God (en selfs implisiet God) deur die diakoniologiese benadering as objek van die teologie gesien (vgl Jonker 1987: 13). By Venter (1992:45) het hierdie uitbreiding plaasgevind: ook die menslike ervaring is objek van ondersoek, maar met die voorwaarde dat ervaringe getoets moet word aan God se openbaring.

Een van die belangrikste tekortkominge in die konfessionele benadering van diakoniologie lê juis opgesluit in hierdie substansie-beskouing. Die teologie ken hiermee die Godsvraag aan homself toe terwyl die ander wetenskappe dit as 'n belemmering verontagsaam (Van Niekerk 1980:76). Strauss (1990:3) poneer dan ook dat onderliggend aan hierdie tradisie die dualistiese grondmotief van natuur en genade bestaan. Die vrug van hierdie substansie-beskouing is 'n uitgebreide reeks van dualismes wat dikwels verskans word maar tog besliste negatiewe implikasies vir teologie-beoefening inhou.

Van Niekerk (1980:6) het probleme met só 'n teologie omdat dit vir hom steeds dagsoom in die sekularisasiehipotese en die aard van hierdie sekularisasiehipotese bepaal dan ook hulle beskouing van '...teologie/nie-teologie en geloof/nie-geloof...'.

Na my mening stel Van Niekerk (1980: 51-53 & 104) 'n beter benadering vanuit die nuwetydse funksiebegrip voor. Nie God, óf die mens óf die wêreld is hier die objek van die teologie nie. Deur 'n horisontale differensiasie tussen die wetenskappe is die godsvraag nie meer 'n spesifieke teologiese probleem nie, maar binne die ruimte van elke wetenskap kom die grensbegrippe God, mens en wêreld aan die bod (Van Niekerk 1980:53 & 76). Geloof as 'n basiese funksie van elke mens word hier as uitgangspunt geneem. Teologie het dus te make met die perspektief van '... geloof waarin God, mens en wêreld as grensbegrippe funksioneer'. Vanuit die teologie as teoretiese perspektief van die geloof

> '... het ons pertinent te make met dinge soos die kerk as samelewingstruktuur, sakramente, belydenisvorme, spiritualiteit en die kerk se rol in die samelewing. Verder gaan dit ook om die formulering van 'n funksionele Gods-, mens- en wêreldbeeld vanuit die geloof en ten slotte om die Bybel se betekenis vir kerk, geloof en teologie' (Van Niekerk 1980:105).

Strauss (1990:13) beantwoord dan ook hierdie vraag:

> Sou die beswaar nie geopper kon word dat die filosofie (wysbegeerte) nou die plek van die teologie oorgeneem het nie?

Sy antwoord hierop is:

> Die teendeel is egter die geval.

Te midde van die differensiasie van vakwetenskaplike dissiplines bly nog steeds sentrale samehangsvrae bestaan wat 'n vakwetenskaplike besinning te bowe gaan. Die deurslaggewende vraag is dus nie met watter objek ek besig is nie, maar vanuit watter gesigshoek ek dit bestudeer.

## 4. Praktiese teologie, toegepaste teologie en sinteorie

Praktiese teologie met sy handelingswetenskaplike benadering word deur Jonker (1981:19,22 en 35) daarvan beskuldig om toegepaste teologie te wees en dus tot tegniek te verval. Volgens Jonker ken Schleiermacher aan praktiese teologie die taak toe om kunsreëls vir die leiding van die kerk daar te stel, en dus die teorie vir die kerklike praxis te formuleer.

Praktiese teologie word 'n empiriese studie met die verlies van sy akademiese standaard. Wolfaardt (1987:2) wys daarop dat dit veral die bedenkinge van Pannenberg en sy leerling Greive is wat meer ingrypend die probleem aandui. Vir die handelingsteorie wat gaan om die interesse van mense word die waarheid via die praxis bevestig. Deurslaggewend word hier die bedoelde sin, deurdat die vraag na waarheid gaan om die juiste praxis wat deur strategie en tegniek beslis word (vgl Greive 1975:32). Bepalend is dus der vom Handelnden intendierte Sinn (Greive 1975:32). Greive (1975:33-34) poneer dan ook verder dat:

> Die Praxistheorie, die sich unter dem Druck der gegenwärtigen Interessen und Anforderung ausarbeitet, impliziert als Handlungstheorie eine intentionale Sinntheorie.

Daarenteen baseer 'n kerklike praxisteorie wat die singewing in die praxis van God beleef, hom op 'n religieuse sinteorie.

Dit is ook vanuit die kritiese teorie dat die verhouding handelinge-kennis geproblematiseer word. Volgens Lämmerman (1981:100-101) bly die empiries-funksionele benadering vasgevang in die voorhande praxis en kan die gegewe werklikheid nie deurbreek word nie omdat dit 'n funksie is van die praxis wat ondersoek word.

Daarenteen vra praktiese teologie as kritiese teorie na die handelinge bedoelde sin en styg dus uit bo die praxis waarmee dit besig is. Die keuse van 'n sinteorie kan egter nie soos met Bastian en Firet na sistematiese teologie verwys word nie. Wolfaardt (1987:6) is van mening dat die keuse van 'n 'sinteorie' saam met die ander vakgenote verantwoord moet word.

Waar die normvraag dus oorgeslaan word, word die teorie deur 'n:

> ...technischen Erkenntnisinteresse geleitet... Ursprüngliche Handlungsorientierung zerfällt in eine rationale Vermittlung von Techniken und Strategien und in eine meist als irrational angesehene Entscheidung über sogenannte, 'Wertsysteme' (Mette 1976:247).

Praktiese teologie word hier praxeologie wat tuis hoort onder die toegepaste wetenskappe, waar die bruikbaar/onbruikbaarheidsvraag oorheers (vgl Wolfaardt 1987:5-10).

Jonker (1981:32) verwys na die standpunt van Firet as synde dat praktiese teologie se taak daarin bestaan om 'n tegniese diens te lewer aan die gebeure tussen God en mens. Firet (1970:9-10) streef egter na 'n drieërlei taak vir die praktiese teologie, naamlik die ontwikkeling van basisteorieë, praktykteorieë en die aanbied van praktykopleiding. Hy wil nietemin erken dat die laaste twee soveel tyd in beslag neem, dat daar weinig besinning oor fundamenteel prakties-teologiese vrae is, en dus kry die praktiese teologie weinig geleentheid om te bewys dat dit werklik 'n integrale onderdeel van die teologie is. Hy wys ook op die gevaar dat praktiese teologie dit kan besig hou met syncretistische banaliteiten indien dit nie 'n vaste grond vind in die prakties-teologiese basisteorie nie.

Praktiese teologie sal hom hier dus nie teen die aanklag van die diakoniologie kan verantwoord dat dit pragmaties werk, indien dit bloot vanuit 'n funksionele refleksie die empiriese analise van die praxis bestudeer nie.

## 5. Samewerking met ander wetenskappe

In 'n analise van die werk van Haarsma spreek Van der Ven (Firet 1985:548) hom uit oor die 'crux van de pastoraaltheologie':

> levert zij zich uit aan de sociale wetenschappen of trektzij zich er van af om haar theologische identiteit te redden, te winnen? Of is er nog eenandere mogelijheid: zelfstandig het instrumentarium van de sociale wetenschappen inzetten voor eigen theologische doel- en vraagstellingen...? (8,29).

Hall (1973:50-54) in sy *The future shape of preaching* dui verskillende teologies-metodologiese posisies aan ten opsigte van die wyse waarop die transendale en die empiriese realiteit geïntegreer kan word. Op die noordpoolposisie plaas hy die openbaringsteologie. Openbaring funksioneer as die enigste bron: beide die ontologiese en epistemologiese kom hieruit voort. Dit gaan dus hier om 'n ideational source en nie om menslike ervaring nie. Hierdie teologie verteenwoordig 'n eie wêreld wat die realiteite van die wêreld ontken of vervang. Hall (1973:54) is van mening dat bogenoemde standpunt 'n *sacrificium intellectus* op die luisteraars kan afdruk.

Aan die oostelike kant kan die 'dialektiese teologie' geplaas word: empiriese data en 'objektiewe' waarheid van die Christelike openbaring word dialekties teenoor mekaar gestel. Teoloë word geforseer om 'n keuse te maak tussen die bogenoemde uitgangspunte of om te aanvaar dat werklikheid irrasioneel is en waarheid paradoksaal.

Teenoor bogenoemde benadering stel Hall 'n 'kritiese teologie' voor. Aan beide die empiriese en openbaringswaarhede word vasgehou:

> Since both are aspects of man's consciousness they are not, by definition, contradictory (Hall 1973:52).

Deur 'n kritiese analise van beide dimensies se aard en wedersydse verhouding, is dit moontlik om hulle logies en betekenisvol te integreer. Na my mening het Hall hierdeur slegs nog net die rigting aangewys van 'n weg met vele probleme en wat nog nie deeglik wetenskaplik verken en gekarteer is nie.

Diakonioloë neem 'n standpunt in baie na aan die dialektiese teologie. Jonker (1987:26) spreek van 'n korrelasie tussen die evangelie en kennis van die wêreld.

Hulle benadering word hier bepaal deur die opvatting dat die Skrif die enigste bron is (vgl Jonker 1987:24-25). Enige teologiese besinning moet slegs uit die openbaring vertrek (Jonker 1983:167). Kennis van elders word nie summier geringag nie, inteendeel Jonker (1976:23) poneer:

> Ons denke hou nie op om teologies te wees as ons deeglik kennis neem van die resultate van ander wetenskappe nie.

Hy wil hom ook van Barth afskei deur saam met Bastian te stem dat daar met die kommunikasie-gebeure self nie onverskillig omgegaan mag word nie. Die prediking moet dus ook kennis neem van die resultate van die prediking soos dit binne die blikveld van die sosioloog verreken word (Jonker 1983:40). Jonker (1987:25) wil selfs weens 'prinsipiële' redes kennis neem van

wysbegeerte en kultuur. Tog gaan dit weer om funksionaliteit: dat die 'evangelie' op die lewe in die 'wêreld' betrek kan word. Hierdeur word teoloë se insae in die Skrif verdiep en verbreed maar nie wesenlik verander nie. Dit loop nooit krities op 'n herinterpretasie van eie teologiese teorie uit nie. Dit gaan daarom dat die 'evangelie' tydsbetrokke moet wees en in die taal en terme van die situasie vertolk kan word. Die situasie mag nie tot hermeneutiese sleutel verklaar word nie, want 'n prysgee van die 'kritiese objektiwiteit' teenoor alle wysgerige of politieke ideologieë loop op 'n reduksie van die evangelie uit (Jonker 1987:25-29).

Die ander wetenskappe word beskou as 'hulpwetenskappe' (Jonker 1981:41). Hiervolgens word hierdie vakke nooit teologie nie, of die teologie neem ook nie die metodes van die vakke oor nie. De Klerk (1981:11-15) meen dat daar drie moontlike standpunte is wat teenoor die ander wetenskappe ingeneem kan word. Hy verwerp die standpunt van Adams wat redelik negatief teenoor die kennis van die ander wetenskappe staan. 'n Derde groep wil hê dat die ander wetenskappe die 'huis van die pastoraat' moet oorneem. Sy eie standpunt is dat daar goeie kontak met dié bure moet wees. Die redes wat aangevoer word vir hierdie 'handreiking' na die ander wetenskappe skyn om grootliks op nuttigheidsgronde te berus. Diakoniologie is met die substansiële aspek (en dit primêr) besig wanneer dit sy teologiese kennis byeenbring. Daarenteen is dit slegs sekondêr en funksioneel besig wanneer dit kennis van die ander wetenskappe ontvang, alhoewel laasgenoemde nie minder ernstig beskou word of irrelevant is nie.

De Klerk verwerp Wolfaardt se aanklag dat die begrip 'hulpwetenskap' steeds daarop dui dat die teologie die koningin van die wetenskappe is. Tog poog diakoniologie steeds om 'n toevoeging en nie 'n kritese integrasie van ander kennis nie. Die 'hulpwetenskappe' bly dus steeds *ancillae theologiae* (vgl De Klerk 1981:10).

Wanneer daar 'n keuse gemaak word vir die integrasie van die ander kennis, word hier in die probleem beland van die duplisering van dissiplines wat in ander fakulteite tuishoort. Rendtorff (1971:110) wil in plaas daarvan dat die wetenskappe mekaar as blote informasievoorsieners benut, hê dat:

> Die Welt des Christentums kann darum als exemplarischer Forschungsgegenstand für einzelwissenschaftliche Fragestellungen historischer, soziologischer, anthropologischer, etc. Art im Gesamtinteresse der Theologieangesehen werden.

Hierdeur beklee teologie nie die posisie van die koningin van die wetenskappe nie, of probeer ook nie om ander wetenskappe te dupliseer nie. Praktiese teologie moet nie ander kennis tot 'hulp' reduseer of in homself integreer nie. Dit moet eerder, volgens Wolfaardt (1981:4), die integrerende krag wees van 'nie-gedupliseerde, nie-geannekseerde en nie-bevoogde wetenskappe'.

Die diakonioloë, Jonker en De Klerk, kom met hulle standpunt in 'n multidissiplinêre samewerking met ander wetenskappe te staan (Jonker

1981:34). Eers vind die sosiaal-wetenskaplike ondersoek plaas, en daarna die teologiese refleksie op die resultate. Aan teologie word 'n meerwaarde toegeken, daarom kan daar hoogstens eklekties van ander bevindinge gebruik gemaak word. Teologiese uitsprake kan nie werklik krities deur die ander wetenskappe bevraag word nie.

Hierdie keuse hou etlike gevare in vir diakoniologie. Aangesien hierdie wetenskappe nie waardevry is nie, kan die resultate van ander wetenskappe se ondersoek nie sonder meer oorgeneem word sonder om ook van hulle vooronderstellinge oor te neem nie.

Aangesien die interesse van die sosiale wetenskappe elders lê, word belangrike godsdienstige temas en sake ook nie aangespreek nie (vgl Pieterse 1986:67).

Die begrippe van elke wetenskap funksioneer binne die teoretiese verband van elke wetenskap en het dus 'n bepaalde betekenis binne 'n bepaalde verband. Dit kan dus nie summier oorgedra word van een betekenisruimte na 'n ander nie. Hierdie begrippe vra dus vir 'n ingewikkelde vertaalarbeid. Alhoewel ook 'n prakties-teologiese benadering nie hiervan vrygestel is nie, beland diegene wat met 'n multidissiplinêre benadering werk in 'n groter gevaar om hierdie kritiese evaluering oor te slaan. Pieterse (1986:67) wys daarop dat dié oorskakeling van die '... een taalspel na die ander gaan met geknars gepaard. Die vraag ontstaan onwillekeurig of daar soms dalk géén oorskakeling plaasvind nie'.

Alhoewel diakoniologie die gesprek met die ander wetenskappe as ernstig beskou, bly dit steeds sekondêr en word die kennis só eklekties toegevoeg dat hier weinig sprake is van 'n volwaardige 'dialogiese' gesprek.

Brattinga (1987:114) wys daarop dat 'n gesprek met ander wetenskappe baie moeilik word waar geloof en teologie baie naby mekaar lê: dit gaan hier meesal om diens aan 'n eie gelowige gemeenskap. Saam met Wassink (1972:175) moet op die gevaar gewys word waar teologie dreig om homself te isoleer:

> Theologie betaalt dan voor haar exclusieve zelfstandigheid de prijs van verlies van communicatie en dus van (mogelijk) gehoor vinden: haar prediking functioneert dan - praktisch - als 'dwang, dwaling of bedrog'. Daarmee loopt zij dan opnieuw vast op haar eigen canon die stelt dat de verkondiging is voor allen, voor de hele oikomenè.

Praktiese teoloë (vgl Van der Ven 1985:33) wys 'n multidissiplinêre samewerking af want teologie word geheel en al afhanklik van die resultate van die ander dissiplines se ondersoeke. Dit ontbreek aan enige teologiese doel en vraagstellinge. Van der Ven (vgl Schreurs 1987:177) streef met sy invoer van die empiriese metodologie na intradissiplinêriteit. Empiriese ondersoekmetodes en tegnieke word gebruik asook die integrasie van 'n empiriese metodologie en die selfstandige operasionalisering van teologiese vraagstellinge gevolg deur 'n empiriese ondersoek.

## 6. Metodologiese vraagstellinge

### 6.1 Die eiesoortige karakter van teologie en *ad hoc* afgrensing

Sedert Popper is daar 'n wye konsensus bereik dat die objek van studie nie induktief, teorieloos en waardevry bestudeer kan word nie (vgl Antonites 1986:405). Ook binne gereformeerde teologie word die moontlikheid van 'n waardevrye wetenskapsbeoefening afgewys. Hierdie moontlikheid bring egter 'n versoeking mee: teologie kan deur middel van'n reeks ongekontroleerde ad hoc hipoteses, 'n uniek-eiesoortige karakter toeëien. Dit bied aan die vak weinig intersubjektiewe kontrole (vgl Geertsema 1979:89).

Heyns (vgl Van Huyssteen 1978:386), byvoorbeeld, bied aan teologie 'n sui-generis karakter toe. Vir hom is teologie 'n eiesoortige wetenskap met 'n eie karakter en 'n eie rasionaliteit. Die moontlikheid om teologie teen die agtergrond van 'n algemene wetenskapsleer teoretieste begrond word grootliks uitgewis deur die eksistensiële geloofsbegronding wat 'n teoloog hieraan gee (vgl Van Huyssteen :1986:33).

Philipse (1984:57-58) wys daarop dat sommige voorvegters van teologie as wetenskap wel voorstanders is van bepaalde waarheidskriteria vir teologiese uitsprake, maar dan word die kriteria so gekies dat:

> de gehele horde ongewenste collega's zich niet meer met zijn, maar met een geheel ander vakgebied bezig houdt! Hy kiest bij voorbeeld als waarheidscriterium voor theologische kennispretenties de Bijbel.

Hier word vir 'n Christelike teologie gekies met uitsluiting van diegene wat die Koran as waarheidskriteruim wil hê. 'n Verdere afgrensing is egter moontlik. Binne die Rooms Katolieke standpunt word daar die:

> ...'regel van het geloof' genoemd en bestaat erin aan een bepaald instituut, in casu Pausen en Concilies, het monopolie en de absolute autoriteit te geven inzake de Bijbelinterpretatie.

Vanuit 'n Lutheraanse standpunt kan bogenoemde kriterium weer in twyfel getrek word en 'n nuwe waarheidskriterium voorgestel word:

> ... wat het geweten de christen ingeeft bij hetlezen van de Heilige Schrift is waar.

Die Rooms Katolieke Kerk word dus uitgesluit en so 'n teologie word reformatories. Hierdie proses kan steeds voortgaan en elke meningsverskil met ander kan besleg word deur waarheidskriteria daar te stel wat die opponent diskwalifiseer. Dit eindig dan met die pretensie:

> Wat ek beweer is waar!

Diakonioloë ontkom hierdie probleem nie. Teologie is 'Christelike' teologie, en dan veral 'gereformeerde' teologie wat weer eens verder afgegrens word tot 'n 'behoudend-gereformeerde' teologie met verskillende aksente soos bepaal word deur Skrifbeskouing en die vraag na wat is 'teologie' (vgl Van

Wyk 1991:76-85). Die diakonioloë maak onbewustelik gebruik van die *tu quoque* argument, naamlik dat enige standpunt op vooronderstellings berus wat ewe irrasioneel as grondverbintenis figureer (vgl Van Huyssteen 1986:53). Dus aangesien die wetenskap nie 'n onbevooroordeelde neutraliteit kan handhaaf nie, vertrek diakoniologie vanuit 'n konfessionele standpunt. Hulle wil tog hulle vooronderstellinge aan die lig bring en aan toetsing onderwerp. Die uniek-eiesoortige karakter wat egter aan diakoniologie toegeken word, maak die kontrole hiervan uiters moeilik en selfs onmoontlik vir enigeen wat nie hierin ingewy is nie (Jonker 1977:208-209). 'n Verdere probleem hiermee is dat dit nie bloot as één perspektief naas vele andere geponeer word nie, maar dit word absoluutheidswaarde toegeken.

## 6.2 'n Esoteriese verstaansmetode

Teenoor die *verstehen* van Dilthey is die verstaansmodus wat in die diakoniologie werksaam is, iets wat 'geskenk' is en dus nooit 'n fabrikaat van menslike insig nie (vgl Jonker 1983:144). Tog word hier 'n bepaalde ooreenkoms gevind veral ten opsigte van die empatiese betrokkenheid van teoloë met die objek wat hulle van binne uit wil bestudeer (Jonker 1977:36).

Diakoniologie word geken deur 'n esoteriese verstaansmetode. Dit gaan hier om die moeilike vraag van die betrokkenheid van die teoloog met die 'objek' van sy studie. Om die Skrif te kan verstaan, vereis 'n '... regte verhouding tot die Spreker' van daardie woorde. In die prediking moet daar ook nie oor die Skrifwoord gepraat word nie, maar die 'geheim' geken word '... om binne in die Skrifwoord in te klim en van binne uit, in diepe gemeenskap met die teks self, die woorde van die Skrif uit te lê...'. Meditasie speel ook 'n belangrike rol: 'n veel dieper ontmoeting met die teks vind plaas in die bewussyn van die predikant. Deur meditasie moet die predikant die Woord van God deur sy hart laat gaan indien dit die hart van die gemeente wil aanraak (Jonker 1976:73-74). Hierdie eksklusiewe (en ideologiese) werkwyse kan hoogstens sin hê om die gesindheid waarmee die vak bedryf word te beskryf (vgl Jonker 1976:34-41 & 73-74). Ten opsigte van die vraag na 'n wetenskaplike metode- en teorievorming, kan dit egter selfs meer verwarrend wees aangesien dit die metodologiese verstaanbaarheid en vooruitgang eerder kan problematiseer (Van Huyssteen 1975:147). Die moment van kritiese verstaan word hier oorgeslaan. Die gebrek hiervan laat 'n te groot nabyheid aan eie teorie of gemeenskap toe. Hulle teorieë word nie to *Gegendstand* gemaak nie, maar 'n ooridentifikasie hiermee vind plaas (Pretoruis 1977:40).

Dit gaan dan hier nie om die ontsegging van bepaalde verbintenisse in diakoniologie nie, maar om vooronderstellinge wat nie bewustelik erken en metodologies verantwoord is nie. Hier moet dus rekenskap afgelê word van die '... sin van sy uitsprake, en dus van die begrippe-apparaat, metodes en kriteria wat dit hanteer' (Van Huyssteen 1986:60). Indien nie, word vanuit 'n eiesoortige en esoteriese kenteorie gewerk wat teoloë gevange kan hou in 'n konfirmerende werkwyse.

Praktiese teologie, daarenteen, wil streef om prakties-teologiese teorieë te ontwikkel wat metodologies so volledig as moontlik verantwoord is (vgl onder andere die proefskrif van Jooste, 1986). 'n Onkritiese konfirmasiemetode word ook afgewys (vgl Van Wyk 1993:57-62).

## 7. Maak diakoniologie 'n wesenlike bydrae tot die epistemologie van die praktiese teologie?

Die vraag waarop ons ten slotte antwoord moet soek, (en dan ook in lig van die voorafgaande betoog) is of diakoniologie vanuit eie probleemstelling tot 'n teorievorming kom. Hierdie vraag word nog meer problematies ten opsigte van Jonker se opmerking dat die ekklesiologiese vakke nie 'n leer aangaande die kerk ontwikkel nie, maar dit uit die dogmatiek oorneem as vooronderstelling (vgl Jonker 1977:286).

### 7.1 Die taakomskrywing van diakoniologie

Jonker (1968:24) sien die primêre taak van diakoniologie as:

> ... de bestudering van het Woord Gods onder het gezichtspunt van de dienst van de kerk.

Van hier is dit ook duidelik waarom dit vir hom byvoorbeeld in die prediking hoofsaaklik gaan om die uitleg van die Skrif, die vertolking van die Skrif en die bediening van die 'Woord' (Jonker 1976). Teologie (en diakoniologie) het ook te make met die kerk, die toerusting van die predikant en met die wêreld, maar hier gaan dit om '...niks anders nie as 'n poging om die Bybelse boodskap beter te lees, te verstaan en te vertolk' (Jonker 1987:24).

Diakoniologie het egter meer ter take as bloot die bepaling van die teologiese basis van die kerklike diakonia. Hierdie ander kennis bly egter vir diakoniologie van sekondêre belang en diakoniologie moet daarvan bewus bly dat '...hun primaire interesse niet de empirische gegevens van mens en wereld kan zijn, maar de openbaring van God in Christus Jezus' (Jonker 1968:23).

### 7.2 'n Normatief-deduktiewe werkwyse vanuit die Skrif

Diakoniologie streef om vanuit hierdie taakomskrywing en die objek waarmee hulle besig is, vanuit die Skrif, op 'n normatief-deduktiewe wyse 'n 'teorie' vir hulle vakgebied daar te stel (vgl De Klerk 1975:5 & Jonker 1968). Hier word uit 'n reeks van moontlike dogmatiese temas 'n bepaalde keuse gemaak.

'Teorievorming' in diakoniologie word in 'n groot mate bepaal deur die metode. Die indeling van teologie in verskillende vakgebiede hang vir Jonker saam met die nodigheid van die juiste metode vir die verskillende vakgebiede (Jonker 1977:275). Tog op sterkte van hulle beskouing van wat teologie is en hulle Skrifopvatting, ken hulle die eksegetiese metode toe aan diakoniologie (vl Jonker 1977). Dit kom ooreen met wat vir Jonker die allervernaamste van

die prediking is: die uitleg van die Skrif wat alleen kan geskied op die basis van ''n saaklik-korrekte, wetenskaplike eksegese' (Jonker 1976:30).

Die eksegetiese uitleg van die Skrif speel dus 'n beheersende rol (Jonker 1976:38). Die gevaar van 'n metode-monisme kan moeilik ontkom word (Landman 1980:42). Praktiese teologie met sy metodes wat 'opgaan in en versmelting met' die nie-teologiese wetenskappe, word afgewys (Jonker 1976:41).

Saam met Wolfaardt (1978:279-280) moet daar aan die adres van die diakoniologiese metode, objek en taakbeskrywing, gevra word of diakoniologie nie maar net weer 'n duplisering is vanwat daar in die Ou en Nuwe Testament en sistematiese teologie gedoen word nie? Diakoniologie met sy eensydige normatief-deduktiewe werkwyse, een kenbron (die 'besondere' openbaring), afwys van die empiriese benadering, verskraalde hermeneutiek (eksegese) en onkritiese konfessionele gebondenheid, kom weinig verder as die duplisering van 'n bepaalde sistematies-teologiese benadering. Die enigste veranderlike is dat dit hoogstens 'n tematiese uitbreiding van die veld van die sistematiese teologie is, aangesien '...a number of dogmatic presuppositions have to be accepted before research in the field of diaconiology can proceed' (Wolfaardt 1985:57).

## 8. 'n Prakties-teologiese benadering?

Teen 'n soortgelyke dogmatiese benadering (in dié geval die benadering van Barth) het daar skerp reaksie veral van persone soos Bastian gekom. Hy (Bastian 1968) betoog:

> Die Lehre vom Wort Gottes lässt die Kluft zwischen dem dogmatischen Anspruch der Verkündigung und ihrer schmerzlichen Wirklichkeit immer tiefer werden.

Ook in die diakoniologiese benadering val die aksent op die spreker en nie op die hoorder en sy problematiek nie.

Daar is 'n toenemende verset ook van binne die 'gereformeerde' benadering teen hierdie metode. Pieterse (1986:145) wys die eensydige deduktiewe skema af as synde van die Neo Skolastiek en omdat dit praktiese teologie van 'n eie teologiese grondlegging weerhou het, en steeds op 'n dogmatiese grondlegging georiënteer het. Die normatief-deduktiewe benadering word beslis afgewys (onder andere ten opsigte van byvoorbeeld die prediking). Aangesien dit alreeds met 'n vooropgestelde teologiese mening na die praxis gaan, kan dit nie die reële gegewene van die Christelik-kommunikatiewe handelinge begryp nie (vgl Pieterse 1984:11).

Die gevaar van 'n metode-monisme word ook hier ontkom deur daarop te wys dat praktiese teologie van verskeie metodes (wat komplementerend is) gebruik maak, waarvan die empiriese metode veral (tog nie uitsluitlik) aan praktiese teologie behoort (Pieterse 1981:65-66).

Hierdie empiriese navorsing kan nie slegs maar aan die ander wetenskappe oorgelaat word nie, want praktiese teologie het (ter wille van sy eie vraagstellinge en teorievorming) spesifieke interesse:

> ...die sich nicht decken mit den Fragestellungen z.B. der Soziologie oder Psychologie. Das jeweils spezifische Forschungsinteresse nimmt entscheidenden Einfluss auf den Forschungsgang, auf die Gewichtung bestimmter empirischer Forschungsmethoden und die Entwicklung entsprechender Forschungsinstrumentarien (Birk 1976:19).

Praktiese teologie wil 'n epistemologiese bydrae tot die teologiese dissiplines (en ander wetenskappe!) maak. Dit kan nie bloot verkry word deur 'n praktykgerigtheid nie. Teologieseteorie of perspektiewe vanwaar die handelinge bestudeer word mag ook nie bloot vanuit 'n bepaalde dogmatiese tema onkrities nagevors word nie.

Praktiese teologie streef ook dan daarna om die tradisionele indeling van die vak (homilitiek, poimentiek ens.) te deurbreek. Volgens hierdie indeling val baie velde wat vir praktiese teologie van belang is buite sy gesigsveld. Daarbenewens het elk van hierdie vertakkinge ontwikkel in 'n eie navorsingsgebied sodat slegs sprake is van 'n vakgroep, praktiese teologie. Dit word bloot saamgebundel deur kerklike praktykgerigtheid.

Otto (1986:58 & 158) wil daarom die komplekse samehang van samelewing, godsdiens en kerk as uitgangspunt neem. Binne hierdie spanningsveld tree 'n aantal handelingsvelde na vore waarop steeds uitgebrei kan word. Die Handbuch der Praktischen Theologie bied na my mening 'n sinvolle indeling vir die gebruik van die praktiese teologie (vgl Bloth et al. 1981:7-31). Hier word gewerk met 'n vertikale en horisontale verdeling wat dan 'n bepaalde snypunt het. Op die vertikale vlak gaan dit om handelingsdimensies waar bepaalde kategorieë die enkeling, die groep, die gemeente en die samelewing beurtelings na vore tree. Die horisontale verdeling word handelingsvelde genoem. Hier het ons weer te make met kategorieë soos kommunikasie (of verkondiging), sosialisering (of opbou), diens (of pastorale sorg) en leiding (of organisering).

Hierdeur word praktiese teologie in staat gestel om nie net die prediking in die erediens te bestudeer nie, maar ook byvoorbeeld kommunikasie in een of ander media van die samelewing in die geheel.

As 'n wetenskaplike dissipline wil praktiese teologie die werklikheid bestudeer vanuit die geloofsaspek, en nie slegs vanuit bepaalde kerklike tradisies nie. Dit maak dit moontlik vir teologie om alles in die werklikheid te bestudeer. Slegs 'n modale begrensing word ingesluit, met ander woorde die geloofsaspek, wat praktiese teologie dan afgrens van die psigologie of die sosiologie. Hierdeur word die eeue-oue skolastiese siening dat die Skrif die 'studie-objek' is, oorkom (vgl Strauss:1988:137). Nie alle geloofshandelinge is egter vir die praktiese teologie 'n objek van studie nie. Slegs dié wat:

> ...dazu befähigen sollen, Glauben als explizite christliche Praxis zu tradieren, sprachlich sowie symbolisch auszudrücken und gemeinsam mit anderen und stellvertretend für andere zu verwirklichen (Mette 1979:198).

Pieterse (1986:63) kies dan ook die Christelike geloofshandelinge tot objek van studie wat hy vanuit die perspektief van die kommunikatiewe-aspek wil bestudeer. Wolfaardt (1987) beperk die ondersoekveld tot die kommunikatiewe handelinge. Hiermee sluit hy by Peukert aan wat tot die gevolgtrekking gekom het dat dit die snypunt van die wetenskapsteorie, handelingsteorie en die teologie is. In aansluiting hiermee en dus ook by Habermas se idee van 'n veronderstelde ideale kommunikasie, wil hy dan ook die belangrike saak van die normatiewe moment in die praktiese teologie aanspreek.

Alhoewel Jonker met reg op die gevaar wys dat die praktiese teologie bloot praxeologie kan word, word daar tog vanuit die prakties-teologiese benadering gepoog tot fundamentele teorievorming wat binne 'n wetenskapsteoretiese raamwerk verantwoord kan word (vgl Firet 1980:9-10).

## 9. Opsomming

Diakonioloë, soos Jonker en De Klerk, vertrek vanuit 'n naïef-realistiese standpunt en daarom wys hulle 'n relasionele waarheidsbegrip ten gunste van 'objektiewe' waarheid af. Waarheid en werklikheid is metafisies vasgelê. Daarenteen wil die prakties-teologiese benadering aantoon dat teologie ook 'n ervaringsmodaliteit besit.

Na my mening wys Jonker heel korrek op die gevaar dat praktiese teologie in 'n praxeologie kan ontaard. Dit geld ook eweneens vir diakoniologie. Hier kan 'teorieë' geformuleer word wat weer slegs bruikbaar met die oog op bestaande kerklike strukture en funksies kan wees. Praktiese teologie wil dus die standpunt afwys dat die keuse vir 'n sinteorie aan ander dissiplines soos die dogmatiek oorgelaat kan word.

Hoewel diakonioloë 'n sterk negatiewe standpunt (soos die van Adams - vgl De Klerk) ten opsigte van die samewerking met sekere ander wetenskappe verwerp, bly die ander wetenskappe steeds weinig meer as 'hulpwetenskappe'. Vanweë 'n bepaalde openbaringsbeskouing bly teologie steeds koningin van die wetenskappe. Hier is dan hoogstens sprake van 'n multidissiplinêre gesprek, met die gevaar van die onkritiese oorname van vreemde vooronderstellings.

Diakoniologie wil ook steeds kerklike teologie bly, en weens hierdie geldigheidsbereikskeuse loop dit die gevaar om in 'n werklikheidsvreemdheid te beland en/of 'n ghetto-bestaan te lei, of 'n geheime taal vir ingewydes te word.

Ten opsigte van die hantering van bepaalde verbintenisse word daar aksent geplaas op die eiesoortigheid van diakoniologie. Weens sy esoteriese werkswyse, die gebruik van bepaalde skemas, sy dogmatistiese rasionalisering en eiesoortige kriteria, word selfs intersubjektiewe dialoog moeilik. Hier dreig 'n wesenlike gevaar van fideïsme.

Die diakoniologie werk steeds met God of die kennis van God as objek en dan ook met 'n bepaalde openbarings- en Skrifbeskouing. Dit neig om aan hulle teologiese uitsprake absolute waarde en nie die status van voorlopige uitsprake te bied nie. 'n Konfirmasie-denkmodel word gebruik wat 'n kritiese teorievorming moeilik maak.

Diakoniologie met sy normatief-deduktiewe werkwyse vanuit die Skrif (as absolute norm), sy eksegetiese metode, die afwys van die empiriese benadering en sy konfessionele gebondenheid, vorder nie verder as 'n bepaalde eensydige aanpak in die dogmatiek nie. Dit is dan ook my mening dat diakoniologie geen epistemologiese bydrae tot die praktiese teologie maak nie.

---

## BRONNELYS

Antonites, AJ 1986. Wat is wetenskap vandag. *Hervormde Teologiese Studies,* 42(2).

Bastian, HD 1968. Vom Wort zu den Wörtern. *Evangelische Theologie,* 28.

Birk, G 1976. Die Möglichkeiten der sozial-empirischen Forschungsmethoden für die Praktische Theologie. Bäumler, C et al. *Methoden der empirischen Sozialforschung in der Praktischen Theologie*. München: Kaiser.

Bloth, PC, Daiber, K-F, Kleeman, J, Roepke, CJ., Schröer, H, Stählin, T, & Wegenast, K 1981. *Handbuch der Praktischen Theologie.* Gütersloher: Verlaghaus Gerd Mohn.

Brattinga, T 1987. Theologie en wetenschap: is diskussie mogelijk? *Tijdschrift voor Theologie,* 27.

Deist, F 1982. Bybelinterpretasie en ideologiekritiek: 'n Hermeneutiese oefening. *Theologia Evangelica,* 15(2).

Dekker, G 1975. *De mens en zijn godsdienst.* Baarn: Amboboeken.

De Klerk, JJ Ongedateerde diktaat. *Inleiding in die diakoniologie.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

De Klerk, JJ 1975. Die oorsprong en instelling van die ampte. *Die kerk se werk.* Pretoria: N.H.W.-Pers.

De Klerk, JJ 1981. *Pastoraat en die ander 'pastorale' wetenskappe.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Dilthey, W 1976. *Selected Writings.* London: Cambridge University Press.

Firet, J 1970. De plaats van de praktische theologie in de nieuwe strukturen van de theologiese wetenschap. *Rondom het Woord,* 12.

Firet, J 1975. Op weg naar theologische existentie. *Praktische Theologie, 2.*

Firet, J 1980. De plaats van de praktische theologie binnen de theologische faculteit. Van Andel Azn, C P, Geense, A & Hoedemaker, L A *Praktische Theologie.* 's-Gravenhage: Boekencentrum BV.

Firet, J 1985. Kroniek van de praktische theologie. *Praktische Theologie,* 12.

Geertsema, HG 1981. De waarheid is anders. *Beweging, 45.*

Geertsema, HG 1979. Die Bybel en die natuurwetenskappe. *Koers, 44(1).*

Greive, W 1975. *Praxis und Theologie.* München: Chr. Kaiser Verlag.

Hall, T 1973. *The future shape of preaching.* Philadelphia: Fortress Press.

Heyns, JA & Jonker, W D 1977. *Op weg met die teologie.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD Ongedateerd. Aandag vir die kerk. *Potchefstroom Herald.*

Jonker, WD 1966-67. Enkele opmerking oor die nuwe teologie. *Standpunte,* 20(5).

Jonker, WD 1968. *Theologie en praktijk.* Kampen: J H Kok.

Jonker, WD 1972. 'n Reeks aktuele publikasies *NGTT, 13(3).*

Jonker, WD 1975. 'n Eietydse geloofsleer. *NGTT, 13(3).*

Jonker, WD 1976. *Die Woord as opdrag.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD 1977. *Christus, die Middelaar.* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Jonker, WD 1978. Die NG Kerk en die NG Bond. *Die Kerkbode,* (9 September).

Jonker, WD 1981. *In diens van die Woord.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Jonker, WD 1981-1982. How free is theology? *RES* (Theological Forum), 9(3).

Jonker, WD 1983. *Die Gees van Christus.* Pretoria: NG. Kerkboekhandel.

Jonker, WD 1987. Die predikant as teoloog. Combrink, HJB, Lategan, BC & Müller, BA. *Bediening en bedienaar.* Kaapstad: Lux Verbi.

Jooste, F J 1986. *Die relasie tussen die pneumatologiese en die kommunikatiewe dimensies van die verkondigingsgebeure.* D.Th.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Kuitert, HM 1972. Waarheid en verificatie in de dogmatiek. *Rondom het Woord,* 14(2).

Lämmermann, G 1981. *Praktische Theologie als kritische oder als empirisch-funktionale Handlungstheorie?* München: Chr. Kaiser Verlag.

Landman, WA 1980. Probleemstelling en hipotesevorming. *Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktyk.* Durban: Butterworth.

Mette, N 1976. *Theorie der Praxis*. Düsseldorf: Patmos.

Mette, N 1979. Praktische Theologie als Handlungs-wissenschaft. *Diakonia*, 10(3).

Meuleman, GE 1972. De waarheidsvraag in de theologie. *Nederlands TheologischTijdschrift*, 26.

Naudé, P & Jonker, WD 1988. Bevrydingsteologie as ortopraktiese teologie: 'n metodologiese evaluering. *NGTT, 29(3).*

Otto, G 1986. *Grundleging der Praktischen Theologie. Praktische Theologie Band I.* München: Kaiser Verlag.

Philipse, H 1984. Theologie: een wetenschap. *Nederlands Theologisch Tijdschrift*, 38(1).

Pieterse, HJC 1981. *Die daad by die Woord.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pieterse, HJC 1984. 'n Evaluering van ondersoekmetodes vir die prediking as kommunikasieveld. *Theologia Evangelica,* 17(2).

Pieterse, HJC 1986. Praktiese Teologie mondig? *Skrif en Kerk,* 7(1).

Pretorius, AV 1977. *Die metodes van verstaan en verklaar as kruispunt tussen die positiwistiese en idealistiese wetenskapsteorieë.* Ongepubliseerde M.A. verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

Rendtorff, T 1971. Was heisst 'interdisziplinäre Arbeit' für die Theologie? Elemente einer Orientiering. Metz, J B et al. *Die Theologie in der interdisziplinären Forschung*. Düsseldorf: Bertelsmann Universitätsverlag.

Schreurs, N 1987. Empirische methodologie en ervaringstheologie. *Tydschrift voor Theologie*, 27.

Strauss, DFM 1988. Begripsvorming in die sistematiese teologie. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 24.

Strauss, DFM 1990. Wat is teologie? *Tydskrif vir Christelike wetenskap,* 1.

Spangenberg, IJJ 1993. Galileo Galilei en die boek Prediker: 'n les uit die kerkgeskiedenis. *Theologia Evangelica, XXVI* (2).

Swanepoel, J & Botha, J 1986. Wentzel van Huyssteen se krities-realistiese model vir teorievorming in die sistematiese teologie. *Koers*, 51(1).

Van Arkel, JG de J 1988. Theology beyond Newton: A quantum leap. Mouton, J et al. *Paradigms and progress in theology*. Pretoria: HSRC.

Van der Ven, JA 1985. *Toekomst voor de Kerk? Studies voor Frans Haarsma*. Kampen: JH Kok.

Van Huyssteen, JWV 1975. Bybelkunde, teologie en Bybel. *NGTT ,16.*

Van Huyssteen, JWV 1978. Teologie en metode. *Koers, 43(4).*

Van Huyssteen, JWV 1981. Bybelse waarheidbegrip teenoor 'n wysgerige een. *Die Kerkbode,* (25 November 1981).

Van Huyssteen, JWV 1981. Bybelse waarheid gesien as 'n 'relasionele waarheid'. *Die Kerkbode,* (18 November 1981).

Van Huyssteen, JWV 1986. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording.* Pretoria: RGN.

Van Niekerk, E. Die hermeneutiese sleutel van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Bosman, HL et al. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis - ontstaan, Skrifgebruik en gebruik.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Niekerk, E 1980. *Teologiese metodologie. Sistematiese Teologie STH 401.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Wyk, AG 1989. *'n Evaluering van die grondslae van die diakoniologiese benadering vanuit 'n prakties-teologiese perspektief.* D.Th.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Van Wyk, AG 1991. 'n Verkennende gesprek rondom die begrip teologie in verskillende prakties-teologiese benaderinge. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 6(1).

Van Wyk, AG 1993. Respons op 'Praktiese teologie as teologiese wetenskap binne die teologiese fakulteit' - Prof. HJC Pieterse. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika,* 8(1).

Veenhof, J 1978. Waarheid en Communicatie. *Gereformeerd Weekblad,* 34.

Venter, CJH 1992. Diakoniologie en rasionaliteit - 'n verkenning. *In die Skriflig,* 26(1).

Visser, PS 1985. Empiriese opvoedkunde: fiksie of wetenskap. *Educare,* 14(1).

Vorster, JN 1988. *Bybelkunde. Die fundamentalisme. Studiebrief 102/1988 vir BSA 302-3.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Wassink, BK 1972. De waarheidsvraag in de theologie. *Nederlands Theologisch Tijdschrift,* 26.

Wolfaardt, JA 1978. Praktiese teologie. Eybers, I H et al. *Inleiding in die teologie,* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Wolfaardt, JA 1981. *Die verhouding van die praktiese teologie tot die ander wetenskappe.*

Nel, M. *Die kerk se werk.* Pretoria: V & R Drukkery.

Wolfaardt, JA 1985. Approaches to the subject called Practical Theology. *Journal of Theology for Southern Africa, 51.*

Wolfaardt, JA 1987. *Kommunikatiewe handelinge*. Professorale intreerede. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Wolvaardt, BP 1984. *'n Toets vir die meting van geloofsbetrokkenheid*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.